**2 September** **Skrifgedeelte: Jesaja 56:1-8**
**Fokusgedeelte: Jesaja 56:3**

**Die Here se reddende liefde strek ook oor vreemde volke, tale en nasies!**

Het jy gedink die Here se reddende liefde geld net vir die lidmate van jou kerk? Hier stel die Here dit baie duidelik dat mense wat tans buite sy kerk staan, juis deur Hom gered kan word. Hy noem dat die nie-Israeliete en die ontmandes wat by sy volk aansluit veral welkom sal wees in sy koninkryk. Die ontmandes was heidene wat hul fisies ontman het uit gehoorsaamheid aan hul vorige afgodstradisies. As hulle hul bekeer, in Hom glo en Hom gehoorsaam, sal Hy hulle red.

Wie is die ontmandes in ons samelewing? Dit is die mense wat ons as buitekerklikes beskou en wat volgens ons nie redding waardig is nie. Is dit nie dalk die armes, werkloses, haweloses en bedelaars nie? Hoe staan ons in ons gemeentes teenoor hulle, as die Here sê Hy het ook plek vir hulle as hulle glo? Moet ons hulle nie gaan haal nie? Hier kry ons as kerk ’n duidelike opdrag, soos eksplisiet in Matteus 28:19 staan: “Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels …”

*Sing: Psalm 49:1* *Ds. LJ Buys (Rustenburg-Wes)*